basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE V1

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Skommelinge in ekonomiese aktiwiteit wat deur kragte binne die markstelsel veroorsaak word, word as 'n … sakesiklusse beskou.

A endogene verduideliking van
B eksogene verduideliking van
C monetaristiese benadering tot
D klassieke benadering tot

1.1.2 Die som van marginale verbruiksgeneigdheid (mvg) en marginale spaargeneigdheid (msg) in 'n tweesektor-model is gelyk aan …

A 2.
B 1.
C 0,5.
D 0,75.

1.1.3 Wanneer staatsdepartemente te veel reëls en prosedures volg ten koste van gehalte-dienslewering, staan dit as ... bekend.

A onverskilligheid
B doeltreffendheid
C gewinsoekende
D burokrasie

1.1.4 Wanneer 'n land meer uitsette as ander lande met dieselfde insette produseer, word daarna as 'n ... voordeel verwys.

A mededingende
B relatiewe
C absolute
D vergelykende

1.1.5 'n Invoerreg wat as 'n vaste bedrag per eenheid, gewig of grootte van ingevoerde goedere gehef word, word 'n ... tarief genoem.

A ad valorem-
B saamgestelde
C enkele
D spesifieke

1.1.6 Die Suid-Afrikaanse regering verseker 'n meer billike herverdeling van inkomste deur 'n ... belastingstelsel te gebruik.

A proporsionele
B progressiewe
C regressiewe
D veelvoudige

1.1.7 Die nywerheidsontwikkelingstrategie wat op verbetering van mededingendheid in produksie fokus, staan as die ... bekend.

A Geïntegreerde Vervaardigingstrategie
B Nasionale Nywerheidsbeleidsraamwerk
C Nasionale Navorsing- en Ontwikkelingstrategie
D Nywerheidsbeleid-aksieplan

1.1.8 Die ekonomies aktiewe bevolking bestaan uit mense tussen die ouderdom van ...

A 15 en 54.
B 15 en 34.
C 15 en 64.
D 15 en 74. (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Bruto binnelandse besteding | A die waarde van 'n geldeenheid word slegs deur die kragte van vraag en aanbod bepaal |
| 1.2.2 Tendenslyn | B ontwikkelende lande wat vinnige ekonomiese groei en industrialisasie ondergaan |
| 1.2.3 Mediumtermyn-begrotingsbeleids-verklaring | C die verhouding tussen reële uitset en faktorinset |
| 1.2.4 Vryswewende wisselkoersstelsel | D 'n geografiese gebied wat 'n groepering van besighede in 'n spesifieke sektor aandui, soos vervaardiging en tegnologie |
| 1.2.5 Opkomende markte | E bestaan uit 'n drie-jaar- aaneenlopende uitgawe en inkome-vooruitskatting van die owerheid |
| 1.2.6 Monetêre beleid | F veranderinge in rentekoerse en geldvoorraad om die ekonomie te beïnvloed |
| 1.2.7 Nywerheidskern | G die bedrag geld bestee aan finale goedere en dienste binne die grense van 'n land |
| 1.2.8 Produktiwiteit | H die waarde van 'n geldeenheid word deur die owerheid vasgepen |
| | I toon die algemene rigting waarin die ekonomie beweeg |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 'n Afname in die reële bruto binnelandse produk vir ten minste twee agtereenvolgende jare

1.3.2 Die kromme wat die verhouding tussen belastingkoerse en belastinginkome vir die owerheid illustreer

1.3.3 Die ruil van goedere en dienste tussen verskillende lande

1.3.4 'n Handelsbeleid wat owerhede gebruik om plaaslike nywerhede teen onregverdige buitelandse mededinging te beskerm

1.3.5 'n Grondhervormingsprogram wat beoog om mense wat hulle grond as gevolg van diskriminerende wette van die verlede verloor het, te vergoed

1.3.6 Die sosiale aanwysers wat met die inligting oor die grootte en struktuur van 'n bevolking verband hou (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Gee enige TWEE voorbeelde van leidende aanwysers. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe kan die owerheid niebetalers van die verbruik van openbare goedere uitsluit? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**FINANSIËLE REKENING VAN BETALINGSBALANS (BB) – 2024**

| **ITEMS** | **R miljoen** |
|---|---:|
| Netto direkte investering | 68 622 |
| Netto portefeulje-investering | -23 348 |
| Netto finansiële afgeleides | 4 311 |
| Netto ander investering | 13 481 |
| Reserwebates | **A** |
| **Saldo op die finansiële rekening** | **62 869** |
| Memo-item: saldo van finansiële rekening, reserwebates uitgesluit | 63 066 |
| Onaangetekende transaksies | -18 613 |

'n Toename in reserwebates word deur 'n negatiewe (-) teken en 'n afname deur 'n positiewe (+) teken aangedui.

[Aangepas uit *SARB Kwartaallikse Bulletin*, Desember 2024]

2.2.1 Identifiseer die item in die tabel hierbo wat die koop van aandele aanteken. (1)


2.2.2 Noem die subrekening van die Betalingsbalans wat transaksies aanteken wat met skuldvergewing verband hou. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *direkte investering.* (2)

2.2.4 Verduidelik die doel van onaangetekende transaksies in die Betalingsbalans. (2)

2.2.5 Gebruik die inligting hierbo om te bepaal of daar 'n toename of afname in die reserwebates (**A**) is. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Identifiseer in die grafiek hierbo die vlak van inflasie waar die werkloosheidskoers 10% is. (1)

2.3.2 Gee die konsep wat verband hou met die vlak van werkloosheid waar die inflasiekoers nul is. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die konsep *nuwe ekonomiese paradigma* in verband met sakesiklusse. (2)

2.3.4 Verduidelik die verhouding tussen *werkloosheid* en *inflasie* soos deur die grafiek hierbo geïllustreer. (2)

2.3.5 Hoe kan die owerheid doeltreffendheid van markte in die ekonomie verbeter? (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek kortliks *volle indiensneming* en *ekonomiese gelykheid* as makro-ekonomiese doelwitte van die owerheid. (2 x 4) (8)

2.5 Hoe kan die appresiasie van die rand die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed? (4 x 2) (8)

**[40]**


**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE internasionale organisasies wat vereis dat lidlande ekonomiese en sosiale aanwysers standaardiseer. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe kan uitvoerbevordering tot ekonomiese groei lei? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die staafgrafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit StatsSA GHS, Mei 2024]

3.2.1 Identifiseer in die grafiek hierbo die diens waartoe huishoudings die minste toegang het. (1)

3.2.2 Noem die sosiale aanwyser wat verband hou met die migrasie van mense van plaaslike na stedelike gebiede. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *sanitasie.* (2)

3.2.4 Verduidelik die impak van 'n toename in die bevolking op 'n land se arbeidsmag. (2)

3.2.5 Hoe kan toegang tot skoon water 'n land se ekonomiese prestasie verhoog? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**HANDELSOOREENKOMSTE**

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) administreer 'n aantal handelsooreenkomste of protokolle sowel as ander internasionale instrumente ten opsigte van die Wet op Doeane en Aksyns, 1964 (Wet 91 van 1964).

Onder hulle is die Suider-Afrikaanse Doeane-unie(SADU)-ooreenkoms tussen die owerhede van sommige Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG)-state.

[Aangepas uit SAID, Handelsooreenkomste, September 2024]

3.3.1 Identifiseer in die uittreksel hierbo die handelsooreenkoms wat beoog om Suider-Afrika se maatskaplike en ekonomiese raamwerk te herbou en ontwikkel. (1)

3.3.2 Noem die internasionale organisasie wat vryhandel fasiliteer. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *handelsliberalisering.* (2)

3.3.4 Verduidelik 'n voordeel van die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (AGOA) vir Suid-Afrika. (2)

3.3.5 Hoe kan storting produsente in invoerlande beïnvloed? (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek kortliks die *Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtigingprogram (BBSEB)* en die *Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie (NVOS)* as Suid-Afrikaanse groei- en ontwikkelingsbeleide en strategiese inisiatiewe. (2 x 4) (8)

3.5 Hoe kan veranderinge in die verskillende ekonomiese aanwysers gebruik word om verbetering in die prestasie van die ekonomie te toon? (4 x 2) (8)

**[40]**


**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE vraagredes vir internasionale handel. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe kan geletterdheidsvlakke in ontwikkelende lande verbeter word? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit Dall-e, Januarie 2025]

4.2.1 Identifiseer EEN faktor in die spotprent hierbo wat tot swak openbaresektor-voorsiening bydra. (1)

4.2.2 Noem die soort openbare goedere wat gratis verskaf word. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *openbaresektor-mislukking*. (2)

4.2.4 Verduidelik die uitwerking van 'n styging in belasting op toegevoegde waarde (BTW) op besighede. (2)

4.2.5 Hoe kan die privatisering van parastatale die owerheid positief beïnvloed? (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**UITGEBREIDE OPENBARE WERKE-PROGRAM (UOWP)**

Die implementering van die UOWP fokus op sleuteldienslewering-intervensies, soos afvalbestuur, die teer van paaie, die herstel van slaggate en die onderhoud van openbare fasiliteite.

Die program sal versterk word om werksgeleenthede te skep vir die jeug, vroue en plaaslike arm gemeenskappe, wat die las van lae ekonomiese groei en werkloosheid dra.

[Aangepas uit https://www.gov.za/news/media]

4.3.1 Identifiseer in die uittreksel hierbo 'n sosio-ekonomiese probleem wat deur die Uitgebreide Openbare Werke-program hanteer word. (1)

4.3.2 Noem die groei en ontwikkelingsbeleid wat beoog om teen 2030 armoede uit te skakel en ongelykhede te verminder. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *arbeidsintensief*. (2)

4.3.4 Verduidelik die impak van swak infrastruktuur op ekonomiese groei. (2)

4.3.5 Hoe kan die Uitgebreide Openbare Werke-program help om die lewenstandaard te verbeter? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek kortliks *spesialisasie* en *innovasie* as argumente ten gunste van vryhandel. (2 x 4) (8)

4.5 Ontleed die fiskale beleidsmaatreëls wat gebruik kan word om die ekonomie te demp. (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laerorde-antwoord.<br>• 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding by die liggaam herhaal NIE.<br>• MOENIE in die inleiding noem wat jy in die liggaam gaan bespreek NIE. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Assesseer/Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.** | Maks. 26 |
| **Addisionele deel:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Lei af/Vergelyk/Onderskei/Stel voor/Interpreteer/Debatteer/Hoe<br>**'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van wat reeds bespreek is, sonder die herhaling van feite wat reeds genoem is<br>• Enige mening/opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE — 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die markte in die viersektor- ekonomiesekringloop-model. (26 punte)
- Evalueer die bydrae van die sakesektor tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES — 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail Suid-Afrika se inisiatiewe (pogings) in streeksontwikkeling. (26 punte)
- Hoe kan die owerheid aansporings gebruik om nywerheidsontwikkeling te bevorder? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou